

4 Augustus

Openbaring 2:8-11 (2:10)

Moenie bang wees nie

Die lewe is vir die gelowiges in Smirna swaar gemaak. Boonop was hulle brandarm. Die rede vir hierdie swaarkry was hulle geloof in Jesus Christus. Het u dit al ervaar wat dit beteken om te ly as gevolg van jou geloof? Ken u die magtelose gevoel van 'n kontrakteur wat op 'n eerlike manier werk wil kry en dan sonder werk is omdat hy nie bereid is om omkoopgeld aan te bied nie? Of die eensame gevoel van 'n kind op skool wat as gelowige 'n eerbare lewe wil lei, maar as gevolg daarvan eenkant toe gestoot word?

Om 'n Christen te wees, beteken nie dat 'n mens net voorspoed sal belewe nie. Die gelowiges in Smirna het gehoor dat daar nog verdere swaarkry voorlê. Van hulle sou selfs hul lewens verloor. Tog sou diegene wat vanweë hulle gehoorsaamheid hulle lewe verloor juis nie sterf nie, maar lewe. Hulle sou miskien na die liggaam sterf, maar terselfdertyd die ewige lewe ontvang.

Die versoeking is groot om ter wille van 'n gemaklike lewe aan God ongehoorsaam te wees. Dit gee egter nie ware lewe nie, maar bring alleen die dood. Wie gehoorsaam aan Jesus Christus bly het die versekering dat hy die ewige lewe ontvang. Jesus Christus het immers vir ons die weg gewys. Hy was aan sy Vader se opdrag gehoorsaam tot die dood aan die kruis toe. Juis as gevolg van sy gehoorsaamheid het Hy die dood oorwin. Wie Hom gehoorsaam bly het deel aan sy oorwinning.

Sing: Skrifberyming 39:1, 3, 4

Ds. E.J. de Beer (Laeveld)